Tjokkie WEEKBLAD

19 Maart 2021 Uitgawe: 6/1/2021

UIT DIE KANTOOR

Beheerliggaamverkiesing:
Baie dankie aan elke ouer wat deelgeneem het aan die beheerliggaamverkiesing en sodoende hul verantwoordelikheid nagekom het.

Die uitslag van die elektroniese beheerliggaamverkiesing, soos ontvang van PwC (diensverskaffer) en geverifieer deur mnr. F.A. Nel, hoof-verkiesingsbeampte, is as volg:

- Mev. Bianca Cheree Booysen
- Mnr. Wessel Groenewald
- Mnr. Sarel Kruger
- Mnr. Johannes Kriel
- Mnr. Rian Marais
- Mnr. Justus van Rooyen

Baie geluk aan hierdie persone wat tot die beheerliggaam van Tjokkies verkies is vir die termyn Maart 2021 tot Maart 2024. Baie dankie aan die ander kandidate wat hulle verkiesbaar gestel het.

Toetsweek
Die eerste toetsweek van die jaar is verby en die kinders sal weldra hul uitslae ontvang. Ons het tog agtergekom dat sommige van die leerders nie werklik hard geleer het nie, en dis vir ons kommerwekkend. Ek doen ‘n beroep op ouers om hul kinders te motiveer om gereeld hul huiswerk te doen en hard te leer, al is dit vir ‘n klastoets. Hierdeur kan ons die kinders weer in ‘n gewoonte kry om lief te raak vir skool en die waardes van selfdissipline en verantwoordelikheid aan te leer.

Langnaweek
Eerskomende Sondag is Menseregtedag. ‘n Tema wat ons ook gedurende ons Persoonlike en Sosiale Welstand-periode met die kinders hanteer. Vanjaar val dit egter oor ‘n naweek wat beteken dat Maandag, 22 Maart ‘n publieke vakansiedag is.
Vir die van u wat dus hierdie naweek gaan reis, vra ons wees asb. veilig en onthou u masker en sosiale afstand waar u ook al gaan. Geniet dit en kom asb. “gesond” terug.

PERSONEELSAKE

Dis met groot hartseer dat Mnr. Ockie Fourie aan die einde van Maart aftree. Oom Ockie, soos hy by die skool bekend staan, was vir 14 jaar verbonde aan Tjokkies waar hy daagliks gesorg het dat die rekenaars en netwerke vir onderwysers en ander peroneel altyd werk en dat ons kommunikasiestelsels tot almal se beskikking is.

Oom Ockie, die kinders, ouers en personeel gaan jou met jou sagte hart baie mis. Jy verdien beslis die rustyd saam met jou vrou.

Onthou, een maal ‘n Tjokkie, altyd ‘n Tjokkie!

SPORT

Die krieketoefening vir alle ouderdoms-groepe het vir eers gestaak. Ons sal weer in kwartaal 4 begin met krieketoefeninge. Dalk sal daar teen daardie tyd wedstryde gespeel kan word. ‘n Interim-rooster sal vanaf Dinsdag, 23 Maart vir die res van die eerste kwartaal gevolg word. (Sien rooster aangeheg).

BELANGRIKE DATUMS

22 Mrt.: Publieke vakansiedag (geen skool)

26 Mrt.: Gr.1-Inlywing – uitsending via Digi-TV

Gr.7 JF-Opedag (leerders het inligting ontvang)

KAALVOETKAFEE

Groot Kaalvoetkafee Brownie Kompetisie (herhaal)

Die Kaalvoetkafee is op soek na ‘n brownie eie aan Tjokkies! Bak ’n pan van jou gunsteling en skryf in vir die Groot Brownie Kompetisie. Die wenner sal voortaan die brownies aan die Kaalvoetkafee verskaf.

Beoordeling vind plaas op grond van die koste, gehalte en smaak. Twee panele (Tjokkie-leerders en Tjokkie-onnies) sal onafhanklik van mekaar bepaal watter baksel die beste is. Sluitingsdatum vir inskrywings is 31 Maart 2021. Inskrywings word aanvaar vanaf 22 Maart. Inskrywingsvorms kan aangevra word by kaalvoetkafee@tjokkies.co.za of stuur ’n Tjokkie-leerder om ’n vorm af te haal by die Kaalvoetkafee. Volledige uiteensetting van die vereistes word gestipuleer op die inskrywingsvorm. Ons sien baie uit na die kreatiewe gebak!

HUMOR en INSPIRASIESPASIE…

HOE KAN EK MY WOEDE BEHEER?

"*Dis menslik om soms kwaad te word, dis 'n natuurlike reaksie. Die manier waarop jy jou woede beheer, is egter wat die deurslag gee.*" – Lynette Beer

" If you are patient in one moment of anger, you will escape a hundred days of sorrow."

Unknown

OPSOEK NA…

Indien enigeiemand leë koffie-blikke, soos Ricoffy, Koffiehuis of Frisco (750g) het wat by die huis rondlê, stuur asseblief vir Juf. Chantal teen Dinsdag, 23 Maart 2021.

Ons benodig die leë blikke vir die gr. 1 Inlywingsfunksie.

VAKANTE POS BESKIKBAAR

Die Beheerliggaam wag aansoeke in vir die ondergenoemde beheerliggaampos:

IT-pos (Netwerk administrateur)

Kwalifikasies: A+, N+ en MCSE
Netwerk instandhouding en opgraderings
Onderhoud van harde- en sagteware
Sagteware opgraderings
Internet toegang beheer
Bewese kennis van SA SAMS
Webblad-instandhouding
D6 Kommunikasie

Vereistes vir aansoek:

- Aansoekbrief
- CV met verwysings
- Graad 12-sertifikaat
- Akademiese-, professionele en ander relevante sertifikate

Diensaanvaarding: 1 Mei 2021 of so gou as moontlik.
Sluitingsdatum vir aansoeke: Donderdag 1 April 2021.

Rig aansoek aan:
Die Skoolhoof
Universitas Primêre Skool
Handig aansoek per hand by die skoolkantoor in. Dit kan ook per epos na **office@tjokkies.co.za** ingestuur word.
Indien geen terugvoer binne twee weke na sluitingsdatum ontvang is nie, beteken dit dat u aansoek onsuksesvol was.

WAARSKUWING

Daar is gisteroggend by ‘n ouer se voertuig ingebreek terwyl hy saam met sy kind na die skoolhek gestap het, vermoedelik deur “remote jamming”. Wees asseblief bedag daarop en maak seker u voertuig is gesluit.

VOORTREKKERS

Alle lede moet asb. teen 26 MAART geregistreer wees. Kontak Juf. Lizette (082 443 4456) indien u hulp benodig.

Ledegeld moet teen einde April afgehandel wees. Kom tref ‘n reëling indien ons u tegemoet kan kom.

TJOKKIE-KOUSE

Tunika het laat weet dat hulle weer Tjokkie-kouse in voorraad het. Besoek hulle gerus.

TJOKKIES-ITEC GHOLFDAG

Aangebied deur Tjokkies Preprimêr

Vrydag, 14 Mei 2021

Baie dankie aan ITEC wat Tjokkies altyd goedgesind is en weereens vanjaar ons hoofborg vir hierdie dag is - ondersteun hul gerus!

Kontak Sanet by 051-522 3628 of stuur ‘n e-pos aan preprim@tjokkies.co.za indien u besigheid ‘n bof of putjie wil borg.

Inskrywings: 4-Bal inskrywings is nou oop @ R375 p/speler. As gevolg van wye belangstelling is die baan gou vol, waarna u op ‘n waglys geplaas word en gekontak sal word in geval van ’n kansellasie.

UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Maklike manier om Tjokkies te ondersteun. Doen jou inkopies by Meditas- of Universitas Spar en gooi jou strokie in Tjokkies se “boks”. Spar gee persentasie vd totale bedrag wat in ons “boks” is terug aan die skool. Dankie Callie Grobler vir jou Tjokkie-HARTKLOP

TJOKKIE VAN DIE WEEK

Baie geluk aan die volgende leerders wat verkies is tot Tjokkie van die week.

VOOR (L.N.R) :

Sané Saayman – Gr. 1
Enzo Schamrel – Gr. 1

AGTER (L.N.R) :

Kaiden Keuris – Gr. 2
Danel Peens – Gr. 2
Rúgard van Wyk – Gr. 3
Brownwyn Joubert – Gr. 3

VOOR (L.N.R) :

Marcel Cilliers – Gr. 4
Hailey Steyn – Gr. 4
Francois Steenkamp – Gr. 5
Dané Vorster – Gr. 5

AGTER (L.N.R) :

Aldo Holtzhauzen – Gr. 6
Kianna Walters – Gr. 6
Ruben Pretorius – Gr. 7
Imke Rust – Gr. 7